Sending en taal: die ontstaan en groei van Genadendalafrikaans[1]

Charlyn Dyers

Mission and language: The emergence and development of Genadendal Afrikaans
This article attempts to highlight the contribution of the Moravian mission station, Genadendal, to the development and growth of Afrikaans. Theoretically, the paper is rooted within the sociolinguistics of contact (the study of how languages and codes in close contact modify one another), and a multilingual perspective (which sees languages as open, rather than bounded systems). The paper emphasizes the confluence of languages and cultures in this mission station which led to the emergence of Genadendal Afrikaans, a form of early Afrikaans, through the lens of my own autoethnographic insights as well as published works and documents. Further research work is also suggested on the artefacts and publications preserved at the Genadendal Museum as well as other archives, which would add significantly to our understanding of this mission station's contribution to the development and growth of Afrikaans.

1. Inleiding

Ek skryf hierdie artikel gedurende die tydperk van die COVID-19-pandemie in 2020. Om gesonde gedragspatrone te bevorder, is 'n gereelde refrein van kundiges op hierdie gebied: "Soos mense beweeg, so beweeg die virus." Ek kan hierby 'n ander refrein voeg: "Soos mense beweeg, so beweeg hul taal- en geletterdheidspraktyke saam met hulle" (Blommaert en Slembrouck, 2005: 202-3; Dyers, 2018: 44). Derhalwe is my invalshoek oor die ontstaan van Genadendalafrikaans die sosiale, menslike dimensie, in plaas van 'n suiwer linguistiese analise van hierdie vroeë weergawe van Afrikaans. Ek is dit eens met Hymes (1966: 114) en Kotzé (2016: 38) dat ook die sosiale, en nie slegs die taalkundige faktore nie, die gebruik en vorm van 'n nuwe taal bepaal. Maar ek setel ook die artikel binne die teoretiese raamwerk van 'n sosiolinguistiek van 'kontak' (Rampton, 2009). in teenstelling met die sosiolinguistiek van 'gemeenskap', omdat ek die vroeë Genadendal sien as 'n plek van taalsamevloeiing ('linguistic confluence').

Ek argumenteer onder andere dat die inheemse mense en nuwe aankomelinge in Genadendal hulle mobiele taal -en geletterdheidspraktyke (m.a.w. praktyke wat in ander plekke begin het en wat wysigings ondergaan het in hierdie nuwe ruimte) saamgebring het wat beslis nie homogene tale en praktyke was nie.

Met 17de-eeuse Nederlands as teikentaal as gevolg van Nederland se magtige handelsryk opgebou deur die Vereenigde Oostindische Compagnie (Kotzé, 2016: 39), het die boorlinge van Genadendal staatgemaak op *al* hul taalbronne om hierdie prestigetaal aan te leer. Maar hierdie teikentaal was ook onderhewig aan wat Thomason en Kaufman (1991: 35, aangehaal in Kotzé, 2016: 38), 'kontak-geïnduseerde verandering' noem. Met die verloop van tyd het die boorlinge van Genadendal al hoe meer 'n bepaalde variëteit van Nederlands begin praat, wat sou ontluik in 'Genadendal Dutch', of vroeë Afrikaans.

In die volgende gedeelte ontleed ek die biografiese detail van vier persone wat tipies was van inwoners van Genadendal in die 18de en 19de eeu. Klem word gelê op hul tale en kodes, en die onvermydelike vermenging van kodes wat noodsaaklik was vir effektiewe kommunikasie in hierdie sendingstasie. In deel 3 verskaf ek die onderliggende teoretiese konsepte vir my bespreking oor die ontwikkeling van Genadendalafrikaans, wat dan in deel 4 belig word. Laastens verwys ek na moontlike toekomstige navorsing oor hierdie onderwerp.

2. Tipiese boorlinge van Genadendal in die beginjare van die sendingstasie en hul taalpraktyke

'n Kort geskiedkundige oorsig van die totstandkoming van Genadendal is hier noodsaaklik.[2] Aanvanklik het slegs die Morawiese sendeling Georg Schmidt en sy Khoi-Khoi-volgelinge in Baviaanskloof (later Genadendal) gewoon – tussen 23 April 1738 en 30 Oktober 1743 – totdat Schmidt gedwing is om sy baanbrekersendingwerk te staak weens sterk teenkanting van die koloniale owerhede en die Nederduits Gereformeerde Kerk. Ná sy vertrek het die nedersetting in onbruik verval, soos die mense weggetrek en weereens in krale gaan bly het, met die uitsondering van sekere families. Met die hervatting van die sendingwerk in 1792 deur Schwinn, Marsveld en Kühnel, groei die nedersetting met rasse skrede en word dit teen 1799, naas Kaapstad, die tweede grootste nedersetting in die Kaapkolonie met 1 234 inwoners (Boon, 2015: 29). Boere van die omgewing het ook op Genadendal kerk gegaan, en meer Europeërs, veral uit Herrnhut (die setel van die Morawiese Sendinggenootskap in Duitsland), het hulle hier kom vestig (Bredekamp, Flegg en Plüddemann, 1992: 275-6).

Met die vrystelling van die slawe in 1834, vind mense uit Asië en Afrika ook 'n herberg hier en word deel van die gemeenskap. Dit is dus duidelik dat hier 'n sameloping van mense, tale en kulture was. Soos die Genadendal Museum dit self stel (Facebook, 5 November 2015 vrylik vertaal):

As 'n smeltkroes, het Genadendal hoofsaaklik drie bloedlyne vanaf Afrika, Wes-Europa en Asië. Die meeste van die inwoners verwerp die terme 'kleurling', 'swart' en 'wit', want 'n kultuurgroep word nie deur pigmentasie bepaal nie, maar eerder deur faktore soos taal, geloof en daaglikse gewoontes. As 'n Afrikaanssprekende Christengemeenskap word hierdie daaglikse gewoontes en praktyke aangeleer deur akkulturasie van die bogenoemde bloedlyne. Eeue van vermenging maak van Genadendal 'n hegte gemeenskap.

Om die veeltaligheid en multigeletterdheid van Genadendal se inwoners sedert sy ontstaan te demonstreer, bied ek hier vier kort biografiese beskrywings aan van mense wat tipies was van die bevolking vanaf 1738-1840.

Eerstens, **Kivedo/Jonas**, Khoi-voorouer van al die ou gevestigde gesinne van Genadendal volgens die Genadendal Museum. Sy dogter, gedoop Ana Maria Mauritz, word in 1793 die eerste dopeling van die tweede sendingtydperk.

Jonas was een van die eerste vyf inheemse dopelinge van Georg Schmidt. Sy stam was die Hessekwa. Schmidt se aankoms het saamgeval met 'n tydperk waarin die Khoi-Khoi-inwoners nie meer totaal nomadies was nie, met baie groepe op die rand van uitwissing ná die verlies van land en vee, en weens veral die pokke-epidemie van 1713, wat volgens sommige navorsers 20% van die Khoi-Khoi-bevolking uitgewis het (La Croix, 2018: 21). Dit is moontlik dat Kivedo en die ander dopelinge, met die uitsondering van Vehettge Tikkuie (die beroemde Moeder Lena), in die tweede pokke-epidemie van 1755 oorlede is.

Wat het Jonas en sy mense gepraat? Schmidt skryf in sy dagboek van 1737-1744 (vertaal en gedruk in 1981 deur die Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland) dat baie van die Khoi-Khoi reeds Nederlands ten dele magtig was, natuurlik gemeng met die Hessekwa-dialek van die Khoi-taal (waarvan vandag net Nama – *Khoekoegowab* – as volwaardige taal oorbly). Schmidt het self gebruik gemaak van die taalvaardigheid van die leier van die Hessekwa-groep in die omgewing, Africo (later gedoop Christian), as tolk tussen hom en die Khoi-Khoi. Dis te verstane dat die Khoi-Khoi verskillende streekdialekte van Nederlands aangeleer het van die setlaars, wat met hulle kom onderhandel het vir hul vee (dus het 'n vorm van Overbergse handelaarstaal of 'pidgin' ontwikkel). Alreeds hier sien ons taalvermenging aan die werk, alhoewel die geskiedenis van taalkontak aan die Kaapse kus natuurlik veel ouer is (Van Rensburg, 2016: 50). Omdat hy nie die Hessekwa-dialek kon baasraak nie, het Schmidt sy Khoi-volgelinge in Nederlands onderrig sodat hulle die Bybel kon lees. Jonas het derhalwe by Schmidt sy teksgeletterdheid in die wordende standaardvorm van die 18de-eeuse Nederlands geleer, terwyl hy en Africo hul mondelinge geletterdheid (as tolke en kenners van die omgewing) met Schmidt gedeel het.

Geleidelik het die Hessekwa-dialek begin uitsterf, totdat slegs ouer mense dit

nog kon praat. Tog is daar eiesoortige uitdrukkings en aksente in Genadendal en omgewing wat nog aan die taal herinner. Een voorbeeld wat Wessels (2003: 23) in sy biografie aanhaal, is 'ka'd palmiet' – om palmietblare te stroop totdat die soet binnekern geëet kan word. Goewerneur George Grey het op sy besoek aan Genadendal in 1855 nog met die laaste twee sprekers van Hessekwa gesels – Leeftregt Ari en Sebastian Hendrik. Die oorblyfsels van hierdie dialek kan gevind word in 'n manuskrip – die *Hottentotsche Wörterbuch* – wat in die Morawiese Argief in Herrnhut, Duitsland bewaar word. 'n Taalkundige analise van die woordelys is gedoen deur Den Besten (2010), wat die samestelling van die woordelys aan ene J.W. Grevenbroek toeskryf. Opvallend vir Den Besten is die teenwoordigheid van Kaaps-Nederlands in die Nederlandse vertaling van hierdie woordelys, terwyl ek ook leenwoorde aangetref het in woorde soos 'fort' en 'bree' (brood) – woorde wat nie in die Khoi-leksikon bestaan het tot die aankoms van die setlaars nie. Hierdie voorbeelde is verdere bewyse van kontak-geïnduseerde taalverandering in beide Nederlands en Hessekwa (oftewel die alreeds bestaande gemengde kodes van die tyd).

Tweedens, **'n kleinseun van Jan Wessels** van die dorpie Harpstedt, naby Bremen in Duitsland, wat hom vroeg in die 18de eeu in die Kaap kom vestig het. Hierdie Wessels-kleinseun het in die omgewing van Genadendal geboer op die plaas Kwartelrivier, en hy het moontlik ook die kerkdienste in Genadendal bygewoon. Wat sou hierdie boer gepraat het? As derdegenerasiesetlaar, hoofsaaklik die groeiende informele Nederlands van die Kaap, maar moontlik gekleur met die Bremense dialek van sy oupa. Sy storie en taalgebruik stem ooreen met dié van die sendelinge en ander werkers wat die tweede Morawiese sendingmissie na Genadendal gevolg het. Die tweede sendingmissie verwys na die terugkeer van Morawiese sendelinge na Genadendal in 1792, wat gelei het tot die bloeityd van Genadendal (Bredekamp, Flegg en Plüddemann, 1992).

Derdens, **Frederik Duminy**, die kleinseun van die Hugenote-skeepskaptein, Francois Renier Duminy van Lorient, Breton in Frankryk. Nou voeg ons 'n mengsel van Frans/Bretons en Nederlands by die kodes in gebruik in Genadendal. Hy is gebore te Genadendal in 1813 uit 'n huwelik tussen Francois, die seun van die skeepskaptein en 'n plaaslike vrou, Margaretha Klink. Hy het sekerlik grootgeword in 'n huis met 'n ryk verskeidenheid van kodes.

Laastens, die vrygelate slaaf, gedoop **Frederik Daniels**, wie se kleinseun Jozua later in die huwelik tree met Phillipina, die dogter van Frederik Duminy. Hy land in 1833 in die Kaap vanaf Java, en werk as smid asook as boer. Maar volgens (gesins-) oorlewering verklaar hy tot aan die einde van sy lewe: "Ek is van Milbaar!" (Malabar). Dit is daarom moontlik dat hy vanaf Malabar in die suidwestelike streek van Indië na Java vervoer is weens die belang van hierdie plekke in die slawebedryf. Het sy taalgebruik nog elemente van sy moedertaal bevat, gemeng met Nederlands? Ons

moet ook onthou dat Davids (2011) reeds bewys het dat baie slawe uit die Ooste alreeds 'n mengsel van Nederlands en hul huistale gepraat het voordat hulle hier geland het. Baie van die slawe was ook twee van die lingua francas van die Indiese Oseaan magtig, nl. Kreool-Portugees en Maleis. Baie koloniste het ook hierdie tale geken. Dit is heel moontlik dat hierdie kreoolse vorme ook in Genadendal gehoor is ná die vrystelling van die slawe (1834).

Wat het hierdie vier mense in gemeen behalwe hul verbintenis met Genadendal, waar hul tale en geletterdheidspraktyke in intieme kontak gekom het? Hulle is almal voorvaders van my, en dra op hul manier by tot die taal wat ek praat, Afrikaans. Die Wessels-gesin van Genadendal, volgens die Genadendal Museum, stam uit die dogter van Jonas (gedoop Ana Maria Mauritz). Maar die gesin stam ook uit die boer van Kwartelrivier, en kry so die van Wessels (Wessels, 2003; Nissen, 2018). Frederik Duminy was die oupa van my oumagrootjie aan moederskant, Phillipina Duminy, wat getroud was met Jozua Daniels (Geni.com, 2020). Met die (moontlike) uitsondering van Jonas, sien ons die deurslaggewende rol van mobiliteit in elkeen se lewensverhaal en die taalkontak wat toe in Genadendal plaasgevind het. Nie een van hierdie mense het met 'n standaardvorm van die destydse taal hier aangekom nie, en elkeen was twee of meer kodes magtig. Selfs Georg Schmidt was 'n spreker van die Moravia-dialek van Tsjeggies, Lae Duits en Nederlands, en hy het minstens 'n paar Khoi-woorde geken, soos blyk uit sy dagboek.

3. Enkele teoretiese konsepte wat die taalpraktyke van Genadendal belig

Genadendal, soos ek hierbo aanvoer uit die biografiese inligting van my vier voorvaders, was dus 'n plek van talige samevloeiing. Met ander woorde, dit was 'n plek wat nie deur enkele tale gedefinieer kon word nie, maar eerder deur 'n mengsel van beelde, stukkies en brokkies van tale dikwels meer semioties en emblematies – tekens, gebaretaal, prente, kort stukkies geskrewe taal – en by tye (vir meer amptelike, formele doeleindes), volledige tale soos Nederlands en Engels. Hierdie taalgebruike herinner sterk aan Bakhtin (1981:291, sien ook bl.324 en bl.428) se konsep van 'heteroglossie', wat hy definieer as 'n versameling van gelyktydig bestaande "maniere van praat" – verskillende tale, variëteite, style en registers teenwoordig in verskillende kontekste, modaliteite en media as gevolg van verskeie teenswoordige en verledetydse sosio-ideologiese teenstrydighede en werklikhede.

Teoreties setel ek hierdie artikel binne die sosiolinguistiek van 'kontak', eerder as 'gemeenskap', want dit verduidelik wat eintlik in taalkontaksituasies tussen sprekers van verskillende tale en variëteite gebeur (vgl. Rampton, 2009),

in skerp teenstelling met die taalgebruik van bestaande gemeenskappe of stamme, soos die Hessekwa en Chainokwa Khoi-Khoi-stamme. Terselfdertyd maak ek ook gebruik van die veeltaligheidsperspektief, wat tale nie sien as begrensde, homogene entiteite nie, maar as kodes wat in kontaksituasies mekaar beïnvloed en wysig (Pennycook, 2004:231). In die kort biografiese beskrywings in deel 2, is daar telkens verwys na die vermenging van Khoi en Nederlands, asook die vermenging van Nederlands met Duits, Frans en die kodes van die vrygestelde slawe.

Dit bring my tot twee belangrike tersaaklike kontaktale – pidgin en kreools. 'n 'Pidgin', of handelaarstaal, is 'n eenvoudige kode wat twee of meer tale bevat, waarvan een gewoonlik 'n Europese koloniale taal is, en word aangewend vir basiese kommunikasie (Kotzé, 2016:40). Ons kan ons indink dat die Khoi-Khoi en koloniste hierdie kode moes ontwikkel het om te kon handel dryf vir die vee wat die koloniste wou hê, en goedere soos suiker, arak en koper wat die Khoi-Khoi wou hê in ruil vir hul vee (soos aangeteken in die *Dagboek en Briewe van George Schmidt*, 1737-1744, Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981). 'n 'Kreool', aan die ander kant, ontwikkel wanneer die basispidgin uitgebrei word deur die kinders van pidginsprekers as gevolg van bepaalde faktore, soos die groei en verbreding van die woordeskat, idiomatiese uitdrukkings en grammatikale reëls (Heugh, 2019: 372). Die kreool word dan die huistale van hierdie soort gemeenskappe. Met die aanvang van die tweede sendelingmissie in 1792 is dit opvallend dat die sendelinge in hul dagboeke geen verwysing maak na die behoefte vir tolke nie (Bredekamp, Flegg en Plüddemann, 1992). Dit is duidelik dat die inboorlinge dus aanbeweeg het van die ou handelaarstaal van die vorige eeu na 'n gekreoliseerde Nederlands.

Mufwene (2007) het ook belangrike werk oor taalkontak en kreole gedoen, spesifiek met die fokus op taalkontak in Afrika. Hy spreek homself sterk uit teen die onderskeid wat gemaak word tussen interne en eksterne taalverandering in die werk van Thomason en Kaufman (1988). Hy is krities teenoor hierdie onderskeid wat interne taalverandering as belangriker sien as eksterne taalverandering, en wat, in sy woorde, "kreole dikwels soos stiefkinders in die taalkunde behandel". Soos Mufwene (2007:65) dit verder stel (my vertaling):

> Die oorsake van verandering in enige taal word buitekant die struktuur daarvan gevind, soos in die kommunikatiewe handelinge van sprekers, in die wedersydse akkommodasie wat sprekers maak om mekaar beter te verstaan, en ook hoe hulle ou materiaal gebruik om nuwe idees oor te dra … wedersydse akkommodasies tussen sprekers is deel van die aanhoudende proses van kompetisie en seleksie wat patrone van variasie in spraakgemeenskappe verander, en sekere patrone verminder terwyl ander vermeerder.

Mufwene se gevolgtrekkings herinner sterk aan die soort wedersydse akkommodasies tussen sprekers van verskillende tale en kodes in die beginjare van Genadendal (in die besonder tussen George Schmidt en die Khoi-Khoi-leiers Africo en Jonas), ten einde effektiewe kommunikasie te realiseer. Kotzé (2016: 44), met verwysing na die ontstaan van Proto-Afrikaans aan die Kaap, kon net sowel gepraat het oor die dinamiese interaksie van die kodes in Genadendal as hy skryf van "kragte wat mekaar aanvul – enersyds die behoud van bepaalde patrone, en andersyds die dinamiek van vernuwing – iets wat veral op die leksikon van toepassing was".

Afgesien van die taalkundige faktore, het sosiale faktore ook beduidende rolle gespeel in Genadendal wat kommunikasie oor taalgrense heen vergemaklik het. Twee konsepte is hier ter sake: Gilroy (2004) se konsep van geselligheid ('conviviality') en Wessendorp (2010) se alledaagse diversiteit ('commonplace diversity'). Volgens Gilroy (2004: 108-109) is geselligheid gewortel in wat hy voetsoolvlak multikulturalisme ('grassroots multiculturalism') noem – 'n "volwasse reaksie teenoor diversiteit, pluraliteit en verskeidenheid […] veroorsaak deur voortdurende, alledaagse blootstelling aan andersheid" (my vertaling). Met ander woorde, geselligheid bestaan waar mense in daaglikse kontak is met 'n verskeidenheid ander mense in terme van geloof, taal, verskillende aksente, velkleur, kleredrag, ensovoorts, en hierdie verskille met vertroue en gemak kan hanteer terwyl hulle ook ooreenkomste vier (Dyers, 2018: 81).

In skerp teenstelling met die oënskynlike maklike aanvaarding van die alledaagse diversiteit van die bevolking van Genadendal, is daar die voorloper van die apartheidsbeleid – die koloniale ideologieë oor die superioriteit van die Europeërs en die Christelike geloof teenoor die minderwaardigheid van die inheemse stamme asook (tot 'n mindere mate) die slawe en hul kulturele gebruike, wat natuurlik hul tale insluit (vgl. Seroto, 2019). Die koloniale regerings maak ook hoofsaaklik gebruik van Nederlands en later Engels, en die gebruik van hierdie hoëstatustale van mag word uiters belangrik vir enigeen wat in hierdie tydperk opgang in die samelewing wil maak.

Alhoewel Genadendal en die ander Morawiese sendingstasies direk deur die kerk bestuur is, moes hierdie plekke tog ook die koloniale wette eerbiedig. In hierdie opsig neem die Morawiese leraars vanaf 1792 die praktiese besluit, soos Georg Schmidt, om die meeste van hul aktiwiteite soos onderwys, gesondheidsdienste en kerkdienste in Nederlands te doen. Die biografiese sketse aan die begin van hierdie artikel maak dit egter duidelik dat slegs *skriftelike* Nederlands aan bepaalde standaardreëls onderhewig moes wees. Maar die spreekkodes van Genadendallers het taamlik variasie getoon in terme van uitspraak, woordkeuses en sintaksis. Hierdie ryke verskeidenheid van spreekkodes het 'n besliste uitwerking op die Nederlands van daardie era, en so ontstaan Genadendalnederlands. Die spreekkodes beïnvloed ook mettertyd die manier van skryf, sodat Hooghollands nie meer nagevolg word nie.

Titus (aangehaal in Van Heerden, 2018) benadruk die rol wat Genadendal in

die Afrikaanse taalgeskiedenis gespeel het: "Anders as die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 het Genadendal Dutch hom reeds in 1816 van die Hoë Hollands losgemaak en is ook op 'n Gutenberg-model-drukpers gedruk."

Genadendal "het 'n groot rol gespeel in die vestiging van die gesproke taal tot 'n geskrewe taal, enersyds omdat dit die eerste instelling vir tersiêre onderwys gehad het en andersyds omdat dit een van die eerste drukperse in die Kaap gehad het waar hierdie taal in letter- en boekvorm bevorder en gepubliseer kon word" (Titus, in Van Heerden 2018).

Die bevolking van Genadendal het hulle goed aangepas by hierdie taalrealiteite, alhoewel daar tot vandag toe nog gemoedelik spot gedryf word met die Duitse uitsprake van die sendelinge uit Herrnhutt.

4. Die eindproduk: Genadendalafrikaans

Toe Christian Ignatius Latrobe, sekretaris van die Morawiese Sending in Engeland, beide Kaapstad en Genadendal in 1816 besoek, lewer hy kommentaar oor die verskille tussen die Nederlands soos gebruik in Kaapstad en Genadendalnederlands. Hy skryf dat hy dit moeilik gevind het om 'n kerkdiens in Kaapstad te volg, maar beskryf Genadendalnederlands as (vrylik vertaal) "'n baie gerieflike variant van daardie antieke taal, en beslis aan te beveel, want soos ons sendelinge Nederlands geleer het, hoofsaaklik uit boeke en van mekaar, is hul dialek so goed vermeng met Nederlands in woorde en uitspraak sodat dit maklik verstaan kan word deur beide Duitssprekendes en Nederlanders; niemand kan stry nie dat 'n taal wat so gevorm is, sodat mense uit beide lande dit kan verstaan, 'n baie begeerlike medium bied vir die oordrag van idees, en derhalwe, die regte manier om te praat" (Genadendal Museum, Facebook-plasing nr. 9, 11 Mei 2020).

Genadendal het ongetwyfeld 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van gesproke en geskrewe Afrikaans. In hierdie sendingstasie ontstaan Suid-Afrika se oudste skool, die L.R. Schmidt Laerskool, in 1738. Die eerste tersiêre inrigting, die Opleidingskollege vir Onderwysers, word in 1838 gestig, en met die sluiting daarvan in 1937, word die Emil Weder Sekondêre Skool gestig, wat in 1938 amptelik geopen is. Baie inwoners kon dus spog met 'n hoë vlak van geletterdheid, wat tot vandag toe nog neerslag vind in die groot aantal gegradueerdes op verskillende terreine wat uit die sendingstasies stam. Soos reeds genoem, het die dorp ook gespog met een van die eerste drukperse in die kolonie – 'n Gutenberg-model. Dit is gebruik vir die druk van traktate, nuusbriewe (soos *De Bode van Genadendal*) en selfs wat sommige beskou as die eerste roman in Afrikaans – *Benigna van Groenekloof of Mamre*.

Volgens Koch (2006) was die sendeling Benno Marx die uitgewer van *De Bode* (gestig in 1859), sowel as die skrywer van *Benigna*. Koch skryf ook dat *Benigna*

hoofsaaklik in Nederlands geskryf is, maar met sekere dele in die plaaslike Afrikaanse idioom. Hy argumenteer dat die Morawiese sendelinge 'n "verafrikaanste … idioom van Nederlands" ingespan het om hul doelwitte te bereik. Verder verwys hy na die taal waarin *Benigna* geskryf is as "Zuid-Afrikaans Nederlands, met hier en daar leksikale eienaardighede, tipies van die plaaslike taalvorme, terwyl in sommige tweegesprekke duidelik 'n Afrikaanse idioom gebruik word" (Koch, 2006: 6). Koch stem gevolglik nie ten volle saam met die opvoedkundige Samuel Baatjes (aangehaal in Van Heerden, 2018) se standpunt oor die taal waarin *Benigna* geskryf is nie: "Hierdie boekie was die spreektaal wat in boekvorm neergesit is. Dit is iets wat geskryf is in ons eie taal, vir ons eie mense, om te praat en vry te wees in die taal wat ons vandag praat." (Van Heerden, 2018). In sy aanlyn kommentaar op Van Heerden se artikel, skryf Koch die volgende: "Dalk lê aan die oorsprong van hierdie foutiewe siening die feit dat daar onder die Morawiërs die vertaling (of 'n soort hertaling) van die teks na Afrikaans in omloop was/is; die vertaling dateer glo uit beginjare sewentig van die 20ste eeu. (Ek besit in my biblioteek in Pole beide: die oorspronklike gedrukte boek en die Afrikaanse vertaling – met 'n tikmasjien geskrywe – daarvan.)"

Oor *De Bode* skryf Van Heerden (2018) dat dit een van die eerste vyf godsdienstige blaaie in Suid-Afrika was, en:

> Die sendelinge asook die gemeentelede van die gemeenskap was betrokke by *De Bode*. Dit is vir hul eie gemeenskap uitgegee. Die laaste uitgawe van *De Bode* is in Maart 1914 gedruk. Vanaf April 1914 word die nuwe nuusblad, *Die Huisvriend*, uitgegee. Die inhoud het 'n hoofartikel, godsdienstige artikels, biografieë van gemeentelede en sendelinge, grepe uit die geskiedenis van sendingstasies (bv. Mamre), godsdienstige gedigte en briewe ingesluit. Die sogenaamde plat taal/vereenvoudigde Nederlands is doelbewus deur briewewisseling in *De Bode* bevorder.

Die volgende traktaatjie, in die vereenvoudigde Nederlands waarna Van Heerden hierbo verwys, het in baie wonings in Genadendal gepryk:

De Drank
Brengt in Armoede,
Maakt twistgierig,
Onbekwaam voor werk,
Stoert den Huis-vrede,
Vernielt het Ligehaam,
Beroeft van't Verstand,
Verhardt het Hart,
Leidt de Ziel in de hel!

Die destydse (1882) taalbeleid van die Kaaplandse Departement van Onderwys was dat Nederlands en Engels as amptelike tale in opvoeding gebruik moes word, in plaas van 'n ontwikkelende taal soos Afrikaans. In Genadendal het skoolonderwysers skuilname gebruik wanneer hulle artikels vir *De Bode* geskryf het. Hier is 'n uittreksel van een van die briewe van 'Oom Alspraat' aan die redakteur: "... sel ohns ni die skool inspekters op ohnse rug kry ni..." (Sal ons nie in die moeilikheid beland met die skoolinspekteurs nie?) (Van Heerden, 2018). Nog 'n interessante voorbeeld uit *De Bode* (1904: 68), is die volgende verdediging van die ontluikende taal teen negatiewe taalhoudings: "Helle lijk om iets in helle taal te lees. Des wel waar, dat menig een sêh dat wat die mehnse hier aan die Kaap praat es ge taal nie. Hiermee stem ek darem nie over een nie. Hoewel die taal nie grammar het nie, die mensche druk darem toch met die taal helle ze gedachte uit en wel in woorde" (Hulle hou daarvan om iets in hul eie taal te lees. Dit is wel waar, dat baie mense sê dat wat die mense hier aan die Kaap praat, is geen taal nie. Hiermee stem ek darem nie saam nie. Hoewel die taal nie grammatika het nie, druk die mense darem tog hul gedagtes uit met die taal en wel in woorde.)

Opvallend van die twee uittreksels uit *De Bode* is dat die skrywers oor 'n goeie vlak van skryfgeletterdheid beskik waarmee hulle die spreektaal van die gemeenskap in geskrewe vorm kan vasvang. Voorts toon hierdie uittreksels die volgende talige eienskappe: direkte Engelse ontlenings soos 'inspekters' (inspectors) en 'grammar'; uitspraakverskynsels soos vokaalverlaging in 'sel' (sal), 'Des' (dis), 'es' (is) en 'helle' (hulle); Nederlandse of selfs Duitse woorde en spelvorme soos 'lijk', 'over een', 'mensche', 'toch' en 'gedachte'; inkortings soos 'ge' (geen) en die gebruik van 'helle ze' om 'n besitlike voornaamwoord te vorm (hul). Dat hierdie uittreksels herkenbaar is as 'n ontluikende vorm van Afrikaans, veral in terme van sinskonstruksie, kan nie betwis word nie.

As daar negatiewe houdings jeens hierdie ontwikkelende taal was, het dit moontlik gespruit uit die skryfwyse daarvan, en nie sodanig die spreekwyse nie, veral vir 'n gemeenskap waar opvoeding sedert 1738 in Nederlands geskied het. Dit is waar dat baie van die ouer inwoners van Genadendal positief ingestel was teenoor Nederlands as skryf- en leestaal, veral ten opsigte van kerkpublikasies soos *Die Bybel* en gesangboeke. Dit kan duidelik gesien word in die volgende sin in Voorwoord I van die 12de uitgawe van die Morawiese gesangboek, *Gesangboek van die Evangeliese Broederkerk in Suider-Afrika*: "Met die ingebruikneming van Afrikaans as voertaal in die kerke het ook Afrikaanse gesangboeke nodig geword, alhoewel baie gemeentelede swaar afskeid geneem het van hul geliefde ou Nederlandse bundels."

Die Genadendal Museum, asook ander argiewe, behoort baie ander literatuur soos persoonlike briewe, verslae en kreatiewe skryfwerk in Genadendalafrikaans op te lewer wat toekomstige navorsers kan analiseer.

5. Toekomstige navorsing

Weens die inperkings tydens die COVID-19-pandemie kon ek nie navorsing doen in die Genadendal Museum of in die argiewe nie. Toekomstige navorsers wat in Genadendalafrikaans belangstel, het daarom baie werk om te doen sodat die taalkundige en historiese analise van hierdie kode meer volledig kan wees. Een belangrike taak wat ek wil voorstel, is 'n vergelykende studie van die twee weergawes van *Benigna van Groenekloof of Mamre* waarna Koch verwys (die oorspronklike Marx-teks en die getikte vertaling), wat die verdere ontwikkeling van Afrikaans kan belig.

Tweedens, stel ek voor dat taalkundige ontledings gedoen word van die morfologie en sintaksis van Genadendalafrikaans in *De Bode* oor die tydperk waarin dit verskyn het (1860-1914). Selfs vroeë weergawes van die opvolger van hierdie tydskrif, *Die Huisvriend*, wat in Mei 1914 vir die eerste keer verskyn het, behoort ons baie te leer oor die talige aard van hierdie kode en hoe dit vergelyk met Standaardafrikaans en ander variëteite, soos byvoorbeeld Kaaps.

Soos vroeër genoem, is daar ook die persoonlike briewe tussen familielede wat ondersoek kan word. Ek onthou dat my ouma (die dogter van Jozua en Phillipina Daniels, gebore Duminy) nog in die 1960's 'n vorm van Nederlands gebruik het in haar briewe aan my ma. Ek onthou veral die woordjie 'jij' (jy) in hierdie briewe. Met die verloop van tyd het sulke skatte verlore gegaan, maar ek is seker dat baie families beter na hierdie soort artefakte gekyk het as my eie.

Ek sou graag ook verdere werk wou sien oor die *Hottentotsche Wörterbuch* saamgestel deur Grevenbroek, gegewe die hedendaagse oplewing van belangstelling in die Khoitale. Dit sal ook baie interessant wees om die oorblyfsels van die Hessekwa-dialek in hedendaagse taalgebruik in Genadendal te ondersoek, aangesien nuwe tale altyd spore van ouer tale bevat (Dyers, 2016: 64).

En wat van die hede? Hoe stem die taalgebruike in die Genadendal van 2020 ooreen met die taalgebruike van weleer? Speel tale soos Engels nou 'n groter rol, veral onder die jeug? Is daar nog tekens van verwelkoming teenoor diegene wat deur die ouer boorlinge van die dorp 'inkommers' genoem word? Hoe waar is hierdie uittreksel uit die *Roots*-programboek[3] van 2009 nog? "Taal (is) die onderliggende beweegmiddel … wat mense bymekaar bring en 'n gees van samewerking en kohesie tussen kulture bewerkstellig."

Toekomstige navorsing sal hopelik hierdie vrae beantwoord.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

Bahktin, M. 1981. *The dialogic imagination. Four essays.* Geredigeer deur M. Holquist en vertaal deur C. Emerson & M. Holquist. Austin: University of Texas Press.

Blommaert, J., Collins, J. en Slembrouck, S. 2005. Spaces of Multilingualism. *Language and Communication* 23(3): 197-216.

Boon, P. 2015. *Hans Peter Hallbeck and the Cradle of Missions in South Africa. A Theological-Critical Study.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Bredekamp, H., Flegg, A. en Plüddemann, H. 1992. *The Genadendal Diaries, Vol. I (1792-1794).* Publikasiereeks B4. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland, Instituut vir Historiese Navorsing.

Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915.* H. Willemse & S. E. Dangor (reds.). Pretoria: Protea Boekhuis.

Den Besten, H. 2010. Isaac le Long's German Version of Grevenbroek's Khoekhoe Glossaries as Published by Juncker in 1710. *Werkwinkel* 5(1): 7-45.

Dyers, C. 2016. Konsepomwenteling in die Taalwetenskap: Implikasies vir die Studie van Kaaps. In F. Hendricks en C. Dyers (reds.). 2016. *Kaaps in Fokus*: 59-70. Stellenbosch: African Sun Media.

Dyers, C. 2018. *The Semiotics of New Spaces. Languaging and Literacy Practices in one South African Township.* Stellenbosch: African Sun Media.

Genadendal Museum 2015. Facebook. The Origin of the Genadendaller. Facebook-plasing. 5 November 2015. Datum van gebruik: 11 Mei 2020.

Genadendal Museum 2020. Facebook. Genadendal Dutch. Facebook-plasing nr. 9. 11 Mei 2020. (Bevat die uittreksel uit Latrobe se brief). Datum van gebruik: 11 Mei 2020.

Geni.com. 2020. Geneology of Frederik Duminy.

Gilroy, P. 2004. *After Empire: Melancholia or Convivial Culture?* London: Routledge.

Heugh, K. 2019. Language Contact and Languaging. In Z. Bock en G. Mheta (reds.) 2019. *Language, Society and Communication (Second Edition)*: 369-400. Pretoria: Van Schaik.

Hymes, D. 1966. Two types of linguistic relativity. In W. Bright (ed.). *Sociolinguistics.* The Hague: Mouton, 114–158.

Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland. 1981. *Dagboek en Briewe van Georg Schmidt (1737-1744).* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Koch, J. 2006. Hermann Benno Marx (1827-1917) – auteur van *Benigna van Groenekloof of Mamre* (1873). *Werkwinkel* 1(1): 1-30.

Kotzé, E. 2016. Die Historiese Dinamika van Kaaps – Toe en Nou. In F. Hendricks en C. Dyers (reds.). 2016: 37-48.

La Croix, S. 2018. The Khoikhoi Population: A review of evidence and two estimates. *African Economic History*, Working Paper Series, 39/2018.

Morawiese Kerk in Suid-Afrika. 1983. Voorwoord I van Laudate – *Gesangboek van die Evangeliese Broederkerk in Suider-Afrika*: ix-xi. Genadendal: Genadendal Drukkery.

Mufwene, S. 2007. Population Movements and Contacts in Language Evolution. *Journal of Language Contact* 1(1): 63-92.

Nissen, M. 2018. The Wessels and the Bible – its biography and description. Genadendal.objectecologies.co.za. (Datum van gebruik: 16 Mei 2020).

Pennycook, A. 2004. Language Policy and the ecological turn. *Language Policy* 3(2): 13-39.

Roots-programboek. 2009. Kulturele kruisbestuiwing span die kroon. Roots Fees, Universiteit van Wes-Kaapland.

Rampton, B. 2009. Speech Community and Beyond. In N. Coupland en A. Jaworski (reds.). 2009. *The New Sociolinguistic Reader*: 694-713. Basingstoke: Palgrave MacMillan.

Seroto, J. 2019. The embodiment of the Indigenous People by European Travel Writers at the Cape Colony, Southern Africa. *Education as Change* 23(1): 1-24.

Thomason, S. en Kaufman, T. 1991. *Language Contact, Creolization and Genetic Linguistics.* Berkeley: University of California Press.

Van Heerden, M. 2018. Genadendal, 'n Erfenisjuweel. Menings, LitNet. https://www.litnet.co.za/genadendal-n-erfenisjuweel/. (Datum van gebruik: 27 Februarie 2021).

Van Rensburg, C. 2016. Twee Betekenisvolle Momente in die Geskiedenis van Kaaps. In F. Hendricks en C. Dyers (reds.) 2016: 49-58.

Wessels, C. 2003. *69 Days. The Story of a forgotten comrade of Steve Biko and the anti-apartheid struggle.* Karlsruhe: International Theological Dialogue.

Wessendorp, S. 2010. Commonplace Diversity: Social Interaction in a Superdiverse Context. *Max- Planck-Institut zur Erforschung multireligioser und multiethnischer Geselschaften MMG.* Paper 10-11. www.mmg.mpg.de/workingpapers. (Datum van gebruik: 26 Oktober 2016).

Note

1. Hierdie artikel word opgedra aan die nagedagtenis van dr Danny Titus.
2. Die Morawiese Kerk, wat 1457 in Kunwalde, Morawië, in die hedendaagse Tsjeggiese Republiek, ontstaan het, kan met reg die oudste Protestantse kerk in die wêreld genoem word.

Die lede het almal weggebreek van die geestelike verval van die magtige Katolieke Kerk, maar die meeste van hulle moes vlug vir hul lewens uit Morawië. Die vlugtelinge het herberg gevind op die landgoed van Graaff von Zinzendorf in Duitsland, genaamd Herrnhut. Ten spyte van baie onderlinge verskille verenig die vlugtelinggemeenskap in 1727 en word die Unitas Fratrum (Broedereenheid) gebore. Hulle stuur later sendelinge uit na ander wêrelddele, en Georg Schmidt word so in 1737 na Suid-Afrika gestuur om die Christelike geloof aan die Khoi-inboorlinge in Baviaanskloof (nou Genadendal) te verkondig. Schmidt en die Khoi-Khoi skep die eerste sendingstasie in Suid-Afrika, maar ná sewe jaar en slegs vyf bekeerlinge, word Schmidt gedwing om in 1743 sy sendingwerk te staak. Hy keer terug na Duitsland in 1744. In 1792 word die Morawiese sendelinge Schwinn, Marsveld en Kuhnel toegelaat om Schmidt se sendingwerk te hervat. Die nedersetting word 'n plek waar nie slegs die Khoi-Khoi nie, maar ook Europese setlaars en vrygelate slawe, 'n woonplek vind.

3. *Roots* was een van die grootste en belangrikste internasionale kultuurfeeste van 2009, waar die verhouding tussen streke waar Afrikaans en Nederlands gepraat word, verken en gevier is. Dit het plaasgevind op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland in Bellville.